

OOR GRAMMATIKA

Verhouding tussen taal en grammatika:

Om hierdie verhouding duideliker te begryp moet ons eers goed verstaan wat met die woord „taal” bedoel word.

Taal dien om uiting te gee aan 'n mens se gewaarwordings, gedagtes, wense, gevoelens, stemminge en gesindheid en hulle aan ander mense mee te deel. Om aan ander duidelik te maak wat jy voel, dink, verlang, ens. kan 'n mens gebruik maak of van gebare of van woorde. Ons gaan ons egter by woorde-taal bepaal.

Die belangrike feit wat ons gedurig voor oë moet hou, is dat taal 'n werkzaamheid van die spraakorgane en menslike gees is, maar nie 'n produk van die menslike rede nie. Taal berus dus op psigologiese en nie op logiese grondslag nie, hoewel dit gebruik word om logiese gedagtes uit te druk. Die saak sal vir ons duideliker word as ons onthou dat taal grotendeels spontaan geskep is en onbewus ontwikkel. Die meeste mense praat heeltemal outomaties sonder om eers noukeurig of selfs vlugtig te ontleed wat hulle wil sê.

Omdat taal dan 'n werkzaamheid van die menslike psige is — en nie van sy rede nie — laat hy hom nie in waterdigte kompartemente indeel nie; en daarom laat hy hom ook nie maklik deur sogenaamde „grammatiese” reëls aan bande lê nie. Dikwels is dit onmoontlik om reëls te formuleer wat alle gevalle omvat; daarom moet 'n aantal sg. „uitsonderings” erken word.

Ons moet ook onthou dat die taal gedurig verander. Daar is gedurige ontwikkeling; daarom bestaan daar eintlik nie so-iets soos 'n vaste klank, vorm, woord of woordverbinding nie. Hierdie taalontwikkeling is nie logies nie, maar onvermydelik: dit kan nie gekeer word nie. (Ons kan nie nou nagaan waarom hierdie ontwikkeling plaasvind nie, want dit is 'n lang en ingewikkelde studie. Laat ons egter die aandag daarop vestig dat die mens, sy opvattinge en sy leefwyse gedurig verander en dat al hierdie dinge groot invloed op sy taal uitoefen.)

Kyk mooi na die volgende stukkie Engels. Dit is in die veertiende eeu deur Geoffrey Chaucer geskryf:

Thus in this wyse
 Socke a tempest gan to ryse.
 That brak hir mast and made it falle
 And clefte hir ship, and dreinte hem alle,
 That never was founden, as it telles,
 Bord, ne man, ne nothing elles:
 Right thus this King Seys loste his lyf.

Hieruit leer ons dat 'n grammatika wat miskien in die veertiende eeu geskik was, vandag nie meer bruikbaar sou wees nie weens die geweldige verandering wat daar in die Engelse taal plaasgevind het.

Afrikaans het ontstaan uit die Nederlands van die sewentiende eeu. Hier is 'n voorbeeld van sulke taal:

„Men weet niet wat geval het kind is over-komen:
 Waer dat men immer sont, of waer men vragen kan,
 'T is al om niet gepooght, geen mensch en weter van.”

Hier sien ons dus weer die groot verandering wat 'n taal kan ondergaan.

Bostaande voorbeelde maak dit nou vir ons duidelik waarom ons ten ene male nie wette of reëls vir die verlede of toekoms kan gaan bepaal nie. Ons kan alleen wette bepaal as ons daaronder verstaan 'n formulering van hoe die taal op 'n bepaalde tydstip gebruik word. Daarby moet ons onthou dat hulle maar vir 'n bepaalde taalkring geldig is. Die lewende taalgebruik is nooit vas nie, en word altyddeur, al is dit ook hoe langzaam, gewysig; daarom kan die grammatika ewemin vas wees. (Vir sommige mense klink selfs die benaming „reëls” of „wette” te vas en onomstootlik; daarom verkies hulle liever die woord „neiginge” of „verskynsels”.)

Die grammatikus mag dus nie dogmaties wees nie. Al wat hy kan doen, is om die lewende taal, soos dit in sy tyd gebruik word, noukeurig te beskryf; en grammatika sou ons dan kan noem: **'n noukeurige beskrywing van die taalgebruik.**

Deur hierdie taalgebruik bedoel ons veral die algemeen beskaafde taal. Algemeen Beskaafde Taal, dit is, die taal van toonaangewende mense, dien tot grondslag van geskrewe taal, soos bv. in opstelle; maar daar is natuurlik ook ander vorme

van taal wat 'n Grammatika het. (Die grammatikus kan ook sê wat goed en wat sleg is in 'n bepaalde kring **op hierdie tydstip**, maar dit moet op werklike taalondersoek gebaseer wees.)

Die grammatikus teken dus op hoe die mense praat, d.w.s. dié spraak wat die suiwerste is. In die grammatika word hierdie taal dan sistematies gerangskik soos dit in die mond van die volk in sy beste en beskaafste vorm gebruik word.

Ontstaan van die grammatika:

Van die vroegste tye af is pogings aangewend om taalfeite te sistematiseer en die woorde waaruit 'n taal bestaan te klassifiseer, om, sodoende, verskillende klasse of rededele aan te dui.

'n Logiese klassifikasie van woordsoorte is vir die eerste maal deur Aristoteles neergelê (nl. die substansie, die kwaliteit, die hoeveelheid, die verhouding, die waar, die wanneer, die doen, die ondergaan, die hê of voorsien wees van iets en die geleë wees). Hierdie tien kategorieë het later die basis vir die indeling in grammatiese kategorieë geword.

By die Grieke van die 5e en 4e eeu v.C. was daar egter nog geen sprake van eintlike grammatika nie: hulle het maar net gefilosofeer — nagedink oor die verhouding tussen praat en dink. Dit was eers in die 3e en 2e eeu v.C. dat die taalkunde, soos ons dit vandag ken, in Alexandrië gebore is. Daar het die meeste taalkundige vakwoorde ontstaan en daarvandaan is die grammatika later oorgebring na Rome. Die Latynse terminologie het weer die grondslag gevorm van die grammatika van die moderne Europese tale. Dit is dus duidelik wat gebeur het: die Romeine het die Griekse grammatika oorgeneem. Later, met die Renaissance, begin die studie van die moderne tale, en toe skryf die grammatici eenvoudig die Latynse grammatika oor. Hierdie gebruik het in die daaropvolgende eeue voortgeduur.

Teenswoordig vind ons dus dat die meerderheid van ons grammatikaboekies nog grotendeels op die vormleer van die ou Grieke en Romeine berus. Moderne tale verskil egter baie van Grieks en Latyn, en om hierdie rede is 'n grammatika wat miskien vir ou sintetiese tale geskik was, minder van pas by moderne analitiese tale soos Afrikaans, Engels, e.d.m. Die

ou grammatikas het dikwels reëls bepaal wat òf deur die Latynse grammatika geïnspireer is òf suiwer normatief is, maar die wetenskaplike standpunt is om die vormleer te ondersoek en te beskryf soos dit werklik is.

Foutiewe grammatika:

Hierdie onberedeneerde oornam van ou beskouings het meegebring dat daar in sommige van ons hedendaagse grammatikas verkeerde opvattinge ingesluip het. Ons vind egter nie net foutiewe taalbeskouing nie, maar ook sisteemloosheid, misleidende definisies en 'n verkeerde indeling van die stof. Ons kan nie hier volledig op die saak ingaan nie, maar ons kan darem 'n paar dingetjies noem — net om aan te toon dat veel van die gewone taalbeskouing alles behalwe suiwer en wetenskaplik is:

(i) Baie mense meen dat daar nog vier naamvalle by die selfstandige naamwoord in Afrikaans is; en tog bestaan daar, behoudens 'n paar oorblyfsels, geen vormverandering nie. Slegs die persoonlike voornaamwoord ondergaan nog vormverandering.

(ii) Daar word dikwels drie verskillende verlede tye aangegee in Afrikaans. Wat die vorm betref, is daar in die bedrywende vorm tog net een verlede tyd, en in die lydende vorm slegs twee.

(iii) Die voornaamwoord staan ook nie in die plek van 'n selfstandige naamwoord nie. Dit staan in sy eie plek. Ons het hier te doen met aanduiding van dinge en teweens van verhoudinge.

(iv) Dit is nie noodwendig dat elke sin 'n werkwoord moet hê nie. Die sin kan baie maklik sonder een klaarkom — en dan word die werkwoord ook nie „verswyg” nie. (Sien die hoofstuk oor die werkwoord.)

(v) Tien redede word gewoonlik onderskei. Hierdie indeling is egter, volgens die gangbare definisies, op verskillende grondslae gebaseer. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde:


(i) „Selfstandige naamwoorde is die name van persone of dinge of plekke” — gebaseer op die betekenis van die woord.

- (ii) „'n Voorsetsel is 'n woord wat vóór 'n naamwoord gesit word om saam daarmee ander rededele nader te bepaal” — gebaseer op **plek** in die sin.
- (iii) „'n Voegwoord word gebruik om woorde of sinne aan mekaar te verbind” — gebaseer op **funksie** in die sin.

Die waarheid is dat baie woorde wat nou apart geklassifiseer word, na regte tot dieselfde klas of groep behoort. Ons kan miskien onderafdelings onderskei, maar byvoeglike naamwoorde, lidwoorde en telwoorde behoort tog almal tot dieselfde klas, want aldrie is beskrywende woorde. Beide voegwoorde en voorsetsels is aanduidinge van verhoudinge tussen twee apart uitgedrukte begrippe en behoort dus saam geklassifiseer te word.

OOR DIE AFRIKAANSE TAAL

Waar kom die Afrikaanse taal vandaan?



Bostaande tabel toon aan uit watter tale Afrikaans afkomstig is.

As ons tale wil terugvoer na die oudste vorm wat hulle moet gehad het, sien ons dat hele groepe tale (met dieselfde kenmerke) na 'n gemeenskaplike Stamouer teruggaan. Op dié manier kom ons dan uiteindelik by 'n paar oertipes soos Nostratiese tale en Austriese tale (bv. Chinees), en 'n paar geografiese groepe, soos bv. die tale van Afrika (bv. Bantoe-tale, Soedan-tale, ens.), Amerika (bv. die tale van die rooi-huide) en Asië (bv. Papoea-taal).

NOSTRATIES, 'n hipotetiese taal, is, sover die taalgeleerdes kan nagaan, die oudste stamouer van Afrikaans. Daaruit het ander hipotetiese tale, een waarvan **Indo-Germaans** (of **Indo-Europees**) genoem word, voortgespruit. Deur 'n klomp tale met mekaar te vergelyk (wat betref gemeenskaplikheid van woordvoorraad, woordvorming en struktuur) is afgelei dat daar wel so 'n taal moet gewees het. Hierdie taal het hom uitgebrei vanaf Indië tot oor byna die hele Europa. Ander dogtertale van Indo-Germaans was Aries (stamouer van Ou-Indies en Ou-Persies of Ou-Iraans), Armeens, Albanees, Balto-Slawies (stamouer van Russies,

Pools, Bulgaars, Sloweens, Serwies, Litous, Slowakies, ens.), Grieks, Italies (stamouer van Italiaans, Spaans, Frans, ens.), Kelties (stamouer van Iers, Goëlies, Wallies, Manks, ens.), Germaans en nog twee minderbelangrikes.

OER-GERMAANS, d.w.s. die oudste vorm van Germaans, het drie dogtertale gehad: (1) Oos-Germaans (stamouer van Goties, Wandaals en Burgondies wat almal uitgesterf het — slegs 'n vertaling van die Bybel in Goties is behoue gebly), (2) Noord-Germaans (stamouer van Deens, Sweeds, Noorweegs en Yslands) en (3) Wes-Germaans (stamouer van Duits, Nederlands, Engels, Fries en Afrikaans). Hierdie skeiding van Oer-Germaans in Oos-, Noord- en Wes-Germaans het omstreeks 400 v.C. plaasgevind.

WES-GERMAANS het uit 'n hele aantal dialekte bestaan, bv. Frankies, Saksies, Fries, Turings, Beiers en Alemannies. In die Wes-Germaanse taalgebied het daar voor die begin van die 8e eeu 'n belangrike verskynsel plaasgevind: onder een deel van die Germane het daar 'n groot verandering in 'n stel medeklinkers plaasgevind. Dit het in die suidelike deel (d.i. die teenwoordige Oostenryk en Beiere) begin en met steeds afnemende krag noordwaarts getrek. Op die heel noordelike laaglande het hierdie klankverskuiwing (konsonant-verandering) nie plaasgevind nie.

Die dialekte wat in die suidelike deel van die Wes-Germaanse taalgebied gebesig word, staan bekend as Opperduitse, dié in die Noorde as Nederduitse en dié in die middel as Middelduitse dialekte.

Dit is in 'n deel van die noordelike laaglande (later Nederlandse en Vlaamse gebied) dat **NEDERLANDS** gebore is. Wat dialekte betref, het Nederlands hoofsaaklik uit Frankies ontstaan, maar 'n sekere mate van Friese en Saksiese invloed het ook in die wordingsproses van dié taal meegewerk.

Naas moderne Hollands het ook **AFRIKAANS** uit 17e eeuse Nederlands ontwikkel. Die eerste Nederlanders wat Kaap toe gekom het, was van sowel Noord- as Suid-Nederland afkomstig en het veral uit die ongeletterde volkslae bestaan. Daarby moet ons ook onthou dat hierdie mense toentertyd verskeie dialekte van Nederlands en groeptale (bv. seemans-taal) gepraat het, want dit het 'n belangrike rol in die latere ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans gespeel.

Hoe het Afrikaans ontstaan?

Nadat die Hollanders hulle in 1652 vir die eerste maal hier kom vestig het, het daar in die volgende eeu heel spoedig veranderinge gekom in die manier waarop die mense praat totdat latere geslagte eindelijk besef het dat hulle 'n eie taal het wat baie verskil van moderne Nederlands.

Hoe het hierdie veranderinge plaasgevind?

'n Taal staan natuurlik nooit stil nie. Hy groei en bloei of sterf later heeltemal uit. Hiervan gee die geskiedenis ons baie voorbeelde. As algemene spreektaal het Latyn, byvoorbeeld, al totaal verdwyn.

Wat het hier in ons land gebeur? Die mense wat in die 17e eeu na Suid-Afrika gekom het, het verskillende dialekte van Nederlands gepraat. Hoewel hulle na verwant is aan mekaar, is daar tog 'n aansienlike mate van verskil, met die gevolg dat daar 'n neiging ontstaan het om die taal baie eenvoudiger te maak sodat almal goed kon verstaan.

Ook die vermenging van tale het invloed gehad op die wording van Afrikaans. Heel aan die begin was daar baie nie-Nederlanders aan die Kaap wat Hottentots, Maleisportugees en Duits gepraat het; en 'n bietjie later het die Franse Hugenate aangekom. Verskillende nasies moes dus daaglik met mekaar omgaan, en dit het, afgesien van die gebroke Nederlands wat die vreemdelinge gepraat het, noodwendig die vereenvoudiging van Nederlands en die oorname van vreemde woorde meegebring.

Aan die begin en lank daarna was daar 'n gebrek aan geskikte onderwysers en doeltreffende skole terwyl universiteite heeltemal onbekend was. Baie mense, veral op die platteland, kon nie eers lees of skryf nie. Die onderwys het dus nie gehelp om die standaard van die taal te behou nie; en die mense wat later ver in die binneland gaan woon het, het nog minder kans gehad om onderwys te geniet. Feitelik die enigste boek wat die mense gehad het om te lees en waaruit die kinders kon leer, was die Bybel.

Die mense het baie ver van hulle vroeër vaderland gewoon; daarom het hulle naderhand kontak verloor met en afgesterf van die land van hulle herkoms. Hier in Suid-Afrika het hulle in 'n ander omgewing groot geword. Die gesteldheid van die land en klimaat was anders as dié van Holland. Die koloniste

het dus anders geleef, ander werk verrig en met nuwe rasse, diere en dinge in aanraking gekom. As gevolg hiervan het hulle geleer om dinge baie anders as Hollanders te beskou. Daar het 'n verandering van die gees plaasgevind.

Hierdie veranderde kyk op die lewe het meegebring dat die mense anders begin praat het en nuwe uitdrukkinge gebruik het. Die land was woest, bergagtig, droog. Die meeste koloniste het graan-, wyn- en veeboere geword. Hulle het dikwels gejag en die ossewa was hul vernaamste vervoermiddel. Veral die transportryer het, voordat daar nog treine was, baie gebruik gemaak van waens en osse; en vandag word waens nog op die meeste plase gebruik. Uitdrukkinge soos „die vyfde wiel aan die wa”, „tou opgooi”, „noustrop trek”, ens. wat aan die ossewa ontleen is, het dus uit 'n besondere leefwyse hier in Suid-Afrika ontstaan. Dis hierdie soort uitdrukkinge wat Afrikaans sy eie nasionale kleur gee en baie vreemd vir die gewone Hollander laat klink.

Ander veranderings het daar ook in die taal plaasgevind. Soms kry ou woorde 'n nuwe betekenis (bv. „meid” het eers beteken „meisie”; nou word dit van gekleurdes alleen gebruik). Party woorde kry 'n nuwe funksie in die sin (bv. **Ek is honger**. Hier is „honger” 'n adjektief; maar vroeër het die mense gepraat van „**Ek het honger**” — en party mense doen dit vandag nog — en in hierdie sin is „honger” 'n selfstandige naamwoord). Nuwe afleidinge, samestellinge (bv. bobbejaantou, muishondleventel) en spreekwoorde (bv. in verband met die ossewa, jag, die boerderij en trek) word gevorm. Splinternuwe woorde en uitdrukkinge ontstaan ook as gevolg van verskillende ander verskynsels in die taal soos klanknabootsing, kontaminasie, analogie, volksetimologie en nuwe konstruksies (bv. nie . . . nie; al lank al) waarop ons nie nou hoef in te gaan nie. Baie van hierdie verskynsels is deur **inwendige faktore** veroorsaak.

Vreemde invloede op 'n taal soos ontlening noem ons **uitwendige faktore**, want die veranderinge kom veral as gevolg van die invloed van vreemde tale. Nie-Nederlanders wat die taal krom gepraat het en nuwe woorde in die taal ingedra het, het ook gehelp om die taal in sekere mate te verander.

Dat Afrikaans woorde van ander tale oorgeneem het, bewys nie die armoede van Afrikaans as taal nie, maar sy

groeikrag. 'n Lewende ding soos 'n taal mag nie stilstaan nie. As hy ophou ontwikkel of groei, gaan hy dood; dus, as daar gevoel word dat daar, naas die gewone woord, 'n ander woord uit 'n ander taal is wat 'n begrip beter uitdruk, of as 'n inheemse naam vir 'n begrip glad nie in 'n taal bestaan nie, word sulke woorde dikwels oorgeneem. Van Engels bv. se J. D. Rose in sy „Advanced English Grammar”: „... contributions have been made to English at various times by practically all the languages of the world, the principle observed being that every new object discovered brings with itself its original name” (bl. 190). Selfs aan so 'n jong taal soos Afrikaans het Engels al etlike woorde ontleen, bv. assegai, kraal, Karoo, ens.

Sulke ontleninge help soms om 'n taal ryker aan sinonieme en nuwe woorde te maak, want baie min sinonieme het geheel en al dieselfde betekenis. Elke sinoniem het sy eie besondere gevoelswaarde en kan net op 'n sekere manier gebruik word. Aan die ander kant moet 'n volk versigtig wees om nie te gou of te maklik te ontleen nie, anders verbaster hulle taal later. In Afrikaans moet ons waak teen die gevaar om te maklik aan Engels te ontleen, want baie van hierdie ontlenings het geen sinonieme waarde nie en verdring die suiwer Afrikaanse woorde.

Die vernaamste tale waaraan Afrikaans woorde ontleen het, is:

- (a) **Hottentots**, bv. Karoo, Prieska, Ookiep; karos, oribie, karee.
- (b) **Bantoetale**, bv. mamba, donga, indaba; Amajoeba.
- (c) **Maleis-Portugees**, bv. aia, tronk, nonnie, blatjang.
- (d) **Frans**, bv. du Toit, Roux, Celliers; sermein(peer), pawee(perske).
- (e) **Duits**, bv. laer, werda; Kruger, Geyer.
- (f) **Engels**, bv. krieket, motor, trippens, speaker, Sir, piekniek, kollie.

Wanneer het Afrikaans ontstaan?

Om die redes wat alreeds genoem is, het hier in Suid-Afrika dus 'n nuwe taal ontwikkel, nl. **Afrikaans**. Die veranderinge het baie vinnig plaasgevind sodat die mense wat van oorsee hierheen gekom het en onder die volk rondgereis

het, nog voor die middel van die 18e eeu al duidelik begin hoor het dat die taal van die koloniste heelwat anders is as dié van Nederland.

Reeds in 1733 toe O. F. Mentzel aan die Kaap was, het hy opgemerk dat die taal van die koloniste nie meer suiwer Hollands was nie. H. J. Wikar (wat van 1775 tot 1779 aan die Kaap was) se reisverhaal toon ook baie verskille met Hollands; maar hoewel die vernaamste veranderinge teen 1750 al plaasgevind het, en daar vanaf 1795 enkele sterk verafrikaanse Nederlandse geskifte verskyn het, begin die eerste geskifte wat ons betreklik suiwer Afrikaans kan noem eers van omtrent 1860. In 1861 bv. verskyn die eerste bundel Afrikaanse gedigte. Dié is onlangs gevind. (Skrywer: Esterhuizen).

Die eerste stukkies geskrewe Afrikaans (of liever verafrikaanse Nederlands) waarvan ons weet, is 'n spotgediggie op die swak verdediging van die Kaap teen die Engelse in 1795: **Lied ter Eere van de Zwellendamse en diverse andere Helden, by de bloedige Actie aan Muisenberg in dato 7 Augustus 1795.**

In 1825 het 'n Hollander, M. D. Teenstra (wat uit gesondheidsoorwegings etlike weke aan die Kaap vertoef het toe hy op pad na Nederlands-Indië was) 'n denkbeeldige gesprek opgestel om vir die Hollanders aan te toon hoe die boere (en slawe) aan die Kaap praat: Hierdie dialoog het verskyn in sy werk „De Vruchten myner Werkzaamheden”, 1830.

Die volgende mylpaal vind ons in die dialoog tussen twee Hottentotte (wat kleurling-Afrikaans gebruik) in C. E. Boniface se toneelstuk „De Nieuwe Ridderorde of de Tempéranisten” wat in 1832 gepubliseer is. In 1844 skryf Boniface ook 'n inleidingsartikel vir „De Natalier” waarin hy twee Afrikaners Afrikaans met mekaar laat gesels. In 1834, vir sover ons kan vasstel, skryf A. G. Bain en G. Rex ook 'n dramatiese liedjie „Kaatjie Kekkelbek” waarin 'n Hotnotsmeid, Kaatjie, kleurling-Afrikaans gebruik.

Tot dusver is Afrikaans veral vir vermaak aangewend, maar in 1860 word dit vir die eerste maal vir 'n praktiese doel gebruik — in hierdie geval vir propagandadoeleindes. L. H. Meurant, wat toentertyd magistraat op Cradock was, publiseer 'n vervolgstuk in „The Cradock News” nl. die **Zamenspraak**

tussen **Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar over het Onderwerp van Afscheiding**. Deur Afrikaans te gebruik het hy gemeen dat hy sy standpunt teenoor die afskeiding van die Oostelike Provinsie met groter sukses kon verdedig en sy lesers meer simpatiek kon stem. Hierdie stukke is in die volgende jaar in pamfletvorm uitgegee.

Na hierdie tyd verskyn daar baie Afrikaanse briewe en samesprake in Kaapse, Transvaalse en Vrystaatse koerante. Afrikaans, as skryftaal, het skielik baie gewild geword. Besonder populêr was die klomp **Boerebriewe en Kaapsche Schetsen** van Samuël Zwaartman (skuilnaam van H. W. A. Cooper) in „Het Volksblad” van 1870 tot 1871. Vanaf 1870 skryf F. W. Reitz, die latere president, ook ’n aantal gediggies soos **Klaas Gezwint en zijn Paert**, e.a.

Dis opmerklik dat tot aan die begin van die sewentigerjare diegene wat Afrikaans as skryftaal gebesig het, dit slegs gedoen het om hul spotlus te bevredig, om te vermaak, te karakteriseer, propaganda te maak vir ’n saak of te illustreer, ens. Tot op daardie tydstip was daar nog geen stryd om die erkenning van Afrikaans as skryftaal nie. Afrikaanse geskrifte het sporadies verskyn: daar was nog geen volksbeweging nie. Dit sou later eers kom.

Die nuwe taal wat hier in Suid-Afrika gebruik is, was na 1800 eers bekend as **Kaaps, Kaaps-Hollands, Boeren-Hollands of Plat-Hollands**. Die verskil tussen die taal van die Kaap en dié van Nederland het egter met verloop van tyd so groot geword dat daar teen die end van die 19de eeu ’n nuwe naam geskep word, nl. **Afrikaans**.

In die Paarl het ’n groep mense in 1875 ’n bond gevorm om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Hierdie bond, genoem die **Genootskap van Regte Afrikaners** het ’n maandblad (**Die Afrikaanse Patriot**, later ook: **Ons Klyntji**) en ’n klompie skool- en leesboekies uitgegee, en baie gedoen om Afrikaans in ere te bring, want baie mense het daardie dae, hoewel hulle dit in hulle huise gebruik het, op Afrikaans as skryftaal neergesien.

Van toe af het nasionalisme in sy ruime sin al sterker en sterker geword. Die geskiedenis leer ons dat die opkoms van nasionalisme (soos bv. in Italië, Duitsland en Spanje in die 19e eeu) die volk verenig. Veral na die Tweede Vryheidsoorlog

in Suid-Afrika het so 'n nasionalisme hier ook begin bloei, en die Afrikaanssprekendes het al meer en meer begin voel dat hulle een volk is en dat hulle vir die behoud van hulle taal moet stry. Hulle het propaganda gemaak in die koerante en vereniginge gestig. Digters en skrywers soos Preller, Celliers, Totius en Eugène Marais het getoon dat Afrikaans ook letterkundige waarde het, en in 1909 is die **Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns** gestig.

Na die Unie van Suid-Afrika in 1910 gestig is, word Suid-Afrika tweetalig, maar die tweede offisiële taal was Nederlands. Hiermee was baie Afrikaners nie tevrede nie. Hulle wil sien dat Afrikaans die tweede offisiële taal word, want Nederlands het toe al vir hulle vreemd geklink en net die geleerde mense kon dit praat en skryf. Weer word daar propaganda gemaak en maandblaaie soos **Die Brandwag** en **Die Huisgenoot** word gestig. Nog sterker word die nasionalisme tydens en na die Wêreldoorlog, en die beweging vir die volle erkenning van Afrikaans as offisiële taal naas Engels word onkeerbaar. In 1916 word 'n begin gemaak om die Bybel in Afrikaans te vertaal. In 1918 word Afrikaans as 'n skoolvak vir die Matrikulasie-eksamen erken, en dr. D. F. Malherbe word in Bloemfontein die eerste professor in Afrikaans. Eindelik, in 1925, is Afrikaans deur die Parlement ten volle erken as offisiële taal naas Engels (en Nederlands).

DIE INDELING VAN WOORDE IN KLASSE

Elke woord het 'n sekere betekenis. Elkeen het ook 'n funksie, m.a.w. dit verrig 'n bepaalde werk in die sin, en sommige woorde het hulle eie fleksie, d.w.s. hulle kan op 'n bepaalde manier verbuig word. In 'n indeling is daar dus drie moontlikhede: ons kan uitgaan van (a) die betekenis (b) die funksie of (c) die fleksie van woorde.

Die saak is egter nie so maklik as wat dit lyk nie, want hierdie drie beginsels kom dikwels in botsing met mekaar. Neem, byvoorbeeld, die uitdrukking „die man **daar**”. Volgens die betekenis is „daar” 'n byvoeglike naamwoord, maar dit is nie verbuigbaar soos ander b.nw. nie, en die funksie van die woord hier is dié van 'n b.nw., hoewel ons dit in ander gevalle 'n bywoord sou noem. In „**gister** se gesprek” het „gister” die betekenis en funksie van 'n s.nw., maar dit is nie soos ander s.nw. verbuigbaar nie. In „dit **is** waar” het „is” die fleksie van 'n werkwoord, maar volgens die funksie is dit eintlik 'n bindwoord. 'n Begripsinhoud (betekenis) het dit hier nie.

Dit is ook baie moeilik om die een of ander indeling konsekwent te handhaaf. Neem funksie, byvoorbeeld. Baie woorde het 'n verskeidenheid van funksies, soos blyk uit die volgende sinne: „Die **dood** is seker.” „Die kaffer **dood** hom”. „Hy werk hom **dood**” en „Die hond is **dood**” waarin „dood” elke keer 'n nuwe funksie kry.

Daar is werklik soveel moeilikhede en teenstrydighede dat 'n streng logiese sisteem ondeurvoerbaar is. Die maklikste beginsel om van uit te gaan is egter die betekenis; maar as ons dit doen, dan is dit noodsaaklik om die gewone indeling effens te wysig en om aan te toon wat ons onder die gewone benaminge verstaan.

Volgens betekenis kan ons onderskei:

1. **Selfstandige Naamwoorde**, d.i. name van dinge of wat as dinge voorgestel word, bv.
stoel, Piet, waarheid, lood, sand.

2. **Beskrywende woorde by s.nwe.:**

- A. **Byvoeglike Naamwoorde** d.i. eienskapswoorde, bv.
lelik, groot, bitter, hoog, sag.
- B. **Omvangswoorde**, bv.
baie (water); volop (vleis); genoeg (melk).
- C. **Hoeveelheidswoorde:**
 - I. **Hooftelwoorde:**
 - (i) Bepaalde hooftelwoorde, bv.
ses, sewe, honderd.
 - (ii) Onbepaalde hooftelwoorde, bv.
sommige, party, baie (mense).
 - II. **Rangtelwoorde:**
 - (i) Bepaalde rangtelwoorde, bv.
vyfde, honderdste, sewende.
 - (ii) Onbepaalde rangtelwoorde, bv.
middelste, soveelste, hoeveelste.
- D. **Lidwoorde**, bv.
die, 'n, 't.

3. **Voornaamwoorde:**

- A. **Selfstandig**, d.i. aanduidinge van dinge en tewens van verhoudinge, bv.
ek, dit, mekaar, hom, wat.
- B. **Byvoeglik**, d.i. aanduidinge van verhoudinge as eienskappe voorgestel, bv.
my, syne, daardie, dié.

4. **Werkwoorde:**

- A. **Selfstandig**, d.i. aanduidinge van handelinge, toestand en geestelike werksaamhede, bv.
skop, slaap, verveer, verag.
- B. **Hulpwerkwoorde**, d.i. aanduidinge van die tyd, vorm (passief) of moontlikheid, waarskynlikheid, ens. (modaliteit) van handelinge, toestand en geestelike werksaamhede, bv.
het geskryf, **word** gemelk, **laat** slaap.
- C. **Koppelwerkwoorde**, d.i. aanduidinge van toestand wat 'n skakel vorm tussen twee ander woorde, bv.
Hy **bly** siek.
Koos **lyk** gesond.

5. **Bywoorde**, d.i. beskrywende woorde by handeling (werkwoorde), eienskappe (b.nwe.) en bepalinge (bywoorde), bv.
netnou, vorentoe, byna, more.
6. **Tussenwerpsels**, d.i. gewaarwordingswoorde, bv.
Eina! Soe! Foeitog!
7. **Verhoudingswoorde**, d.i. aanduidinge van verhoudinge tussen twee apart uitgedrukte begrippe:
 - A. **Voegwoorde**, bv.
want, en, sodra, terwyl.
 - B. **Voorsetsels**, bv.
in, op, deur, langs, voor.

Ons moet onthou dat daar nie altyd 'n duidelike afbakening of verskil tussen die verskillende klasse is nie. Daar is byvoorbeeld 'n nou verwantskap tussen selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde. Volgens die betekenis is 'n selfstandige naamwoord 'n ding, d.w.s. 'n selfstandigheid of iets wat as sodanig voorgestel word. 'n Byvoeglike naamwoord is 'n eienskap van 'n selfstandigheid, maar 'n eienskap kan ook as 'n selfstandigheid voorgestel word. In „'n snaakse outjie" en „'n ou snaaksetjie" of „'n swart kleintjie" en „'n klein swartetjie" vind daar 'n wisseling plaas: die woorde loop eenvoudig oor van die een na die ander klas.

Dikwels is daar ook geen opvallende verskil tussen gemene (gewone) s.nwe. en eie s.nwe nie. Kyk na die volgende voorbeelde:

Die **Coetzee's** is baie gawe mense.

Hy het twee **Pierneefs**.

- Daar was twee **Jans** op die partytjie.

Hier vind ons 'n oorgang van 'n eienaam na 'n gemene s.nw., want die vetgedrukte woorde in bostaande sinne word as gemene s.nwe. gebruik. Die teenoorgestelde kan ook gebeur: Die eienaam **Visrivier** was oorspronklik 'n beskrywing; nou het dit die naam van 'n sekere rivier geword. Ander voorbeelde is **Blouberg**, **Langstraat**, **Hangklip**, ens.

Hoewel ons hoofsaaklik van die betekenis uitgaan, is die fleksie van woorde ook belangrik. Om hierdie rede word die verbuiging in die volgende hoofstukke onder die betekenis-hoofde behandel.

SPELLING

Afrikaans is seker een van die maklikste tale om te spel omdat die spelling meer foneties is as die van baie ander tale soos bv. Engels of Frans. In Afrikaans is daar 26 letters in die alfabet wat dien om sekere klanke voor te stel. Dit sou baie maklik wees as ons elke letter met net een aparte klank kon verbind, maar daar is meer klanke as letters; daarom moet een letter soms meer as een klank voorstel. Voorbeelde hiervan is die gebruik van die letters **d** en **g**. Die **d** in *monde* bv. word anders uitgespreek as die **d** in *mond* waar dit soos 'n **t** klink. Die **g** in *berge* het ook 'n ander klank as die **g** in *berg*. Dikwels moet ons twee letters verbind om naasteby die regte klank aan te dui, bv. **ie** (*riet*), **tj** (*houtjie*), **ng** (*bang*). Vir twee-klanke word meestal ook twee of meer letters gebruik bv. **ou** (*stout*), **oei** (*koei*), ens.

KLINKERS

In Afrikaans gebruik ons die volgende klinkers (vokale):
[Fonetiese tekens word tussen hakies aangegee.]

a [a]: man, dak, amper

aa [a:]: maar, gaan, klaar

Let op: In oop lettergrepe word die lang klinker enkel geskrywe, bv. *bane*, *pare*.

e [ɛ]: geld, werk, emmer.

ee [e:]: been, sleep, vee

Let op: Die lang klinker word enkel geskrywe in oop lettergrepe (behalwe eind-lettergrepe), bv. *bene*, *seker*, *gewete*

ê [ɛ̃:]: sê, skêr, êe

e of **i** [ə]: lepel, sit, pit

ie [i of i:]: mied, nies, mier, populier

o [o]: model, kolonie, roman

oo [o:]: room, droom, soom

Let op: In oop lettergrepe word die lang klinker enkel geskrywe, bv. *bome*, *drôme*, *some*.

o[ɔ]:	rottang, pont, wolk
ô[ɔ:]:	sôe, môre, trôe
oe [u of u:]:	goed, ploeg; boer, ploëë
uu[y of y:]:	nuus, ekskuus; muur, duur

Let op: in alle oop lettergrepe word die lang klinker enkel geskrywe, bv. mure, vure.

eu[ɸ:]:	leuen, reun, steun
u[œ]:	rug, brug, ruk
û[œ:]:	brûe, rûens

As 'n lettergreep op 'n klinker of tweeklank eindig, noem ons dit 'n **oop lettergreep**. Dié wat op 'n medeklinker eindig, noem ons **geslote lettergrepe**. Klinkers kan lank wees (maan, poot) of kort (man, pot).

1. In oop lettergrepe word die klinkers **a, e, o, u** nie dubbel geskrywe nie, bv.

maan,	maar:	ma-ne
been,	maar:	be-ne
skuur,	maar:	sku-re
poot,	maar:	po-te

maar:

twee	twee-de
sku	skuu-ste
slu	sluu-ste
ru	ruu-ste

en in eiename:

Karoo
Vosloo
Prinsloo

2. Aan die end van woorde word net die **e** dubbel geskrywe, bv.
buro, karba, balju, **MAAR:** see, skaduwee, kafee, tree, ens.
3. Om die **i**-klank weer te gee skryf ons gewoonlik **ie**, bv.
kielie, giegel, mielietjie, piering, tiekie, elektries, parasiet, subtiel, ens.

behalwe:

- (a) by vreemde woorde, bv.
emir, fakir, ens.

- (b) 'n ander groepie woorde wat van klassieke tale afkomstig is, bv.

familie, polisie, kondisie, lirie, himne, politici, alibi, albino, ens.

MEDEKLINKERS

In Afrikaans gebruik ons die volgende medeklinkers:

b, c, d, f, g, h, j, k, l, m, n, p, q, r, s, t, v, w, x, z.

c gebruik ons:

(i) in 'n paar wisselvorme: **café** (kafee); **cello** (tjello)

(ii) in vreemde woorde: **camouflage**; **confetti**; **communiqué**

(iii) in vreemde meervoudsuitgange: **politici**; **musici**

ch gebruik ons:

(i) in 'n paar wisselvorme: **China** (Sjina); **Christus** (Kristus)

(ii) in vreemde woorde: **chroom**; **chaperon**; **chassis**

q gebruik ons in die letterverbinding **qu**:

(i) in 'n paar wisselvorme: **quorum** (kworum); **quadrille** (kadriel)

(ii) in vreemde woorde: **quidproquo**; **quaestor**

x gebruik ons:

(i) in 'n paar wisselvorme: **examen** (eksamen); **exodus** (eksodus)

(ii) in vreemde woorde: **auxiliair**; **xylograaf**

z gebruik ons:

(i) in klanknabootsende woorde: **zits**; **zoem**

(ii) in vreemde woorde: **maizena**; **zero**

(iii) in 'n paar wisselvorme: **zoölogie** (soölogie)

Let op:

- (i) As daar 'n kort klinker (bv. **a, e, i, o**, ens.) voor 'n medeklinker staan, en die aksent val op dié klinker, dan word die medeklinker dubbel geskrywe, anders gewoonlik nie. Dit is noodsaaklik om dit te onthou wanneer ons 'n woord verbuig, bv.

dam — damme

rebel — rebelle

laf — lawwe

glad — gladde

mak — makker

dun — dunner

- (ii) In baie ander woorde word die medeklinker ook verdubbel, al val die aksent nie op die kort klinker nie, bv.

bobbejaan, okkerneut, pikkewyn, onmiddellik, adellik, parallel, Japannees, kanonnier, frikkadel, ens.

DIE DEELTEKEN

Die deelteken word gebruik om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te toon. Sonder die deelteken sou ons dit met die lees miskien nie raaksien nie, bv.

oë, spieël, reën, koeël, Persië, vlieë, Daniël, breër, Aäron, soöloog, geëet, finansiële, beïnvloed, naäap (ook geskrywe: **na-aap**), **verleë, geïnteresseerd**

Die deelteken toon dus duidelik die verskil aan tussen woordpare soos die volgende:

- { **hoe** — 'n vraagwoord, bv. Hoe laat is dit?
- { **hoë** — verboë vorm van „hoog”, bv. 'n hoë boom.
- { **voel** — 'n werkwoord, bv. Ek voel siek.
- { **voël** — 'n dier met vlerke, bv. Die voël vlieg.
- { **leer** — 'n ding om mee op te klim (ander bet. ook)
- { **leër** — baie soldate, bv. Sy broer is in die leër.
- { **wee** — verdriet, bv. die wel en die wee van die lewe
- { **weë** — meervoud van „weg”

Let op:

In verbindings soos **ei-e** (skeie), **a-e** (dae), **ooi-e** (vlooië), **oei-e** (koeie), **y-e** (rye), **eeu-e** (leeue), **aai-e** (kraaie), **ou-e** (vroue), **ê-e** (êe), **eu-e** (leuen), **ô-e** (sôe), **u-e** (brûe), **î-e** (wîe) kry die laaste **e** NIE 'n deelteken nie. Hierdie verbindings kan nie as **een** klank uitgespreek word nie; daarom is die deelteken oorbodig.

DIE KAPPIE

Die kappie bo **e, i, o** en **u** dui 'n ander uitspraak van hierdie klinkers as die gewone aan. Behalwe in die woorde **blêr** en **skêr** word dit alleen by lang klinkers in oop lettergrepe gebruik: (**oop lettergrepe** = lettergrepe wat op 'n klinker of tweeklank eindig.)

ê: sê; skê (skê-re); kêrel; bêre; lê.

î: wî-e

û: brû-e; rû-ens

ô: trô-ê; mô-re (of: more); sô-e

Let op:

Woorde met 'n ê-klank voor 'n r in 'n gelsote lettergreep kry nie 'n kappie nie:

ver, stert, kers, vers, pers, kombers, perd, werd, tert, ens.

DIE KOPPELTEKEN

Die koppelteken word gebruik by:

- (i) 'n opeenhoping van klinkers, bv.
mee-eet, eeu-oue, twee-uur (op 'n oorlosie).
- (ii) verdubbelinge, bv.
gou-gou, sing-sing, lag-lag, kort-kort.
- (iii) telwoorde met en, bv.
twee-en-twintig, sewe-en-veertig.
- (iv) breuke van twee woorde, bv.
drie-sewendes, twee-derdes, vyf-agstes.
- (v) samestellinge wat selde voorkom, bv.
Hitler-politiek, Smuts-kabinet, Pietermaritzburg-tentoonstelling, Greytown-stadsaal.
- (vi) saamgestelde geografiese name, bv.
Suidwes-Afrika, Noord-Holland, Suid-Amerika, Oos-Europa.
- (vii) samekoppeling wat al tot 'n vaste eenheid gegroei het, bv.
wag-'n-bietjie-boom.
kruidjie-roer-my-nie.
ouvrou-onder-die-kombers.
- (viii) samestellinge met -hulle en oud-, bv.
Jan-hulle, oud-student, my broer-hulle, oud-burgetmeester.
- (ix) samestellinge waarvan die laaste deel maar eenkeer uitgedruk word, bv.
voor- en nadeel, op- en afgaan, aand- en morepraatjies.
- (x) woorde waarvan die regte indeling van die lettergrepe anders nie duidelik sou wees nie, bv.
bek-af, stroom-op, hol-oog, dag-uit.
- (xi) saamgestelde titels, bv.
sersant-majoor, luitenant-generaal.
- (xii) lang samestellinge, bv.
skooleindsertifikaat-eksamen,
lewensassuransie-maatskappy.

AKSENT

A. Gravis aksent (ò).

Die gravis aksent word gebruik:

- (i) om die aksent by die volgende woorde aan te toon:
dè! nè? hè! òf . . . òf; nòg . . . nòg.
- (ii) om die verskil aan te toon tussen woordpare soos die volgende:

gèsel (slaan)	ròman (soort vis)
gesèl (maat)	romàn (soort verhaal)

B. Akuut aksent (é).

Die akuut aksent word gebruik by:

- (i) **dié** (= daardie, of hierdie)
- (ii) 'n paar vreemde woorde, bv.
café; coupé; dépôt.
- (iii) om bepaalde woorde in 'n sin te beklemtoon, bv.
Ná die bioskoop gaan ons kafee-toe.
 Jy moet dit **nié** doen nie.
 Ek **wíl** dit doen.

TWEETLANKE

Luister mooi na die uitspraak van die onderstaande tweetlanke en oefen hulle tuis:

AI [ai]:	baie; aia; aitsa! ai! haikona!
AAI [ai of ai:]:	slaa; kraai; baai; draai.
AU=OU [ou]:	paüse of pouse; auteur of outeur
EI; Y [ɛi]:	seil; klein; pyl; lyf
EEU [IU:]:	skreen; sneeu; leeu
OEI [UI of UI:]:	koei; roei; vloei; snoei; moeite
OOI [OI:]:	vlooi; rooi; nooit
ÔI [ɔi:]:	nôi
OI [ɔi]:	toiings
UI [œy]:	(kan verkry word met liprondding van die Afrikaans y of ei soos in „byt” en „seil”): huis; uit; kombuis; kluit.

Let op:

- (i) Sekere gelykluidende woorde in Afrikaans kan met EI of Y geskryf word. Sulke woordpare verskil altyd in betekenis. Hier is 'n paar voorbeelde:

- { **weier:** Hy weier om my die boek te gee.
- { **wyer:** Ons dorp se strate is wyer as julle s'n.
- { **lei:** Hy lei my toe deur 'n lang tunnel.
- { **ly:** Die man ly aan kartkwaal.
- { **steil:** Ons moes 'n steil berg klim.
- { **styl:** Ek hou van die skrywer se styl.

DIE AFKAPPINGSTEKEN

Die afkappingsteken word gebruik:

- (i) by die meervoude van s.nwe. wat op **a** (as die aksent op die **a** val), **i**, **o** en **u** eindig, bv.
pa's, alibi's, balju's, hobo's
- (ii) by die meervoude van die letters van die alfabet, bv.
a's, b's, c's, d's, ens.
maar:
esse/ ekse of x'e.
- (iii) by die meervoude van eiename wat op 'n klinker eindig, bv.
Anna's, Naudé's, Marie's.
- (iv) aan die einde van die meervoude van eiename wat op **s** of **z** eindig, bv.
die Marais'
die du Plessis'
die du Preez'
- (v) by die volgende woorde:
'n; so'n; g'n; 't (om 't ewe).

HOOFLETTERS

Ons skryf hoofletters by:

- (i) Die eerste letter van elke nuwe volsin.
Let op:
As die eerste woord **'n** is, begin die tweede woord met 'n hoofletter, bv.
'n Bom is gevaarlik.
- (ii) Die eerste letter na die dubbelpunt in sinne in die direkte rede, bv.
Jan sê: „Kom hier.”
- (iii) Die name van God en afleidinge van sulke name, bv.
God, Christus, Christelik, Christen, Skepper,
onse Vader, Heiland, ens.
maar:
goddelik; godvresend; godsdienstig, ens.

- (iv) Alle eiename met hulle afleidinge en samestellinge, bv.
Jan, de Wet, Moolman, Cradock, Frankryk, Duits, Boesmantekening, Boland, Bosveld, Afrikaernasie, Hitleriaans, Durbanse winkels, Karoo

- (v) Name van verenigings, partye, geboue, openbare liggame, godsdienste, ens. met hulle afleidinge en samestellinge, bv.

Parlement, Provinsiale Raad, Nasionaliste, Uniegebou, Boeddhisme, Mohammedaans, Fascisme, Nagmaal

- (vi) Alle name van koerante, tydskrifte en boeke met hulle afleidinge en samestellinge, bv.

Die Transvaler; Die Huisgenoot; Die Loopbaangids; Bybel; Kees van die Kalahari; Bybeltaal; Bybels
maar:

kinderbybel

- (vii) Alle name van dae, maande en feesdae met hulle afleidinge en samestellinge, bv.

Maandag; Februarie; Goeie-Vrydag; Kersdag; Kersgeskenk; Sondagaand; Januarie-maand; Sondagse pak.

maar:

sondagdiens, sondagsklere, sondagskool(onderwyser), ens.

- (viii) Soms by woorde wat as hoë titels gebruik word, bv.

Generaal Hertzog; President Roosevelt; Prins Eugène; Koning Haakon. (Die algemene neiging is egter om klein letters te gebruik, bv. **koning Haakon.**)

Let op:

Gewone titels kry nie 'n hoofletter nie (tensy hulle aan die begin van 'n sin staan), bv.

mnr. le Roux; mej. Marais; mev. Tromp; dr. van Wijk; ds. Truter.

- (ix) Alle name van familieleden **wanneer hulle aangespreek word**, bv.

„Gaan Oom more dorp toe?”

„Ja Neef, dit is waar.”

„Wil Vader my hê?”

Let op:

Hierdie woorde kry nie hoofletters wanneer hulle saam met eiename gebruik word nie, bv.

Daar loop **oom** Dawid.

Wanneer kom **tant** Hester kuier?

Dis **neef** Hans wat daar aankom.

- (x) Die belangrikste woorde in 'n opskrif, bv.

'n Heerlike Vakansie aan die Strand.

'n Ondervinding met 'n Slang.

Let op:

Die gebruik van hoofletters by opskrifte is onvas. Sommige mense gebruik net aan die begin van die opskrif 'n hoofletter.

SPELLING VAN VREEMDE WOORDE

- (i) As die vreemde woord al lank in die taal bekend is en algemeen gebruik word, kry dit 'n Afrikaanse spelvorm, bv.

affêre, bagasie, koerant, konsert, piekniek, sikspens, ens.

- (ii) As die woord nog absoluut vreemd klink, behou hy sy ou spelvorm, bv.

camouflage, spaghetti, gentleman, prestige, zero, air, phthisis, garage, auxiliair, rugby, reservoir, Renaissance.

- (iii) Van party woorde is ons nog onseker. Hulle is wel bekend, maar ons voel darem nog dat hulle 'n bietjie vreemd klink. By sulke woorde kan ons òf die oorspronklike òf die Afrikaanse spelvorm gebruik. Sulke verskillende spelvorme noem ons **wisselvorme**. Die algemene neiging is egter om die Afrikaanse spelvorm so ver as moontlik te gebruik.

Die volgende algemene reëls vir die spelling van vreemde woorde wat verafrikaans kan word, is deur die Akademie neergelê:

1. **ae** word **e**: aesthetiek — esteties
2. **-age** word **-asie**: baggage — bagasie
3. **ai** word **ê**: affaire — affêre; militaire — militêr
4. **au** word **ou**: pause — pouse; auteur — outeur

BEHALWE EIENAME: Naudé, Augustus

5. **c** word **s**, **k** of **tj**: café — kafee; cynies — sinies; cello — tjello
6. **ch** word **g**, **sj**, of **tj**: China — Sjina; echo — eggo; cheque — tjek
7. **-é** word **-ee**: café — kafee; coupé — koepee
8. **-eau** word **-o**: tableau — tablo; plateau — plato
9. **g** word **s** of **sj**: serge — sersje; sergeant — sersant
10. **g** word **gh**: guano — ghwano
11. **-ice** word **-ise**: lektrice — lektrise; aktrice — aktrise
12. **gn** word **nj**: cognac — konjak; signaal — sinjaal
13. **ll** word **lj**: failliet — faljiet; vanille — vanielje
14. **ph**, **rh**, **th** word **f**, **r**, **t**: tiphus — tifus; catarrh — katar; thermometer — termometer
15. **qu** word **k** of **kw**: quadrille — kadriel; quorum — kworum
16. **sc** word **sk**: scepticus — skeptikus
17. **v** word **w**: **Let op**: **v** word orals behou (d.w.s. aan die begin van woorde; in afleidinge, samestellinge en middellettergrepe), bv.
vaas, vokaal, adverbiaal, konvensie

BEHALWE:

- (i) waar 'n duidelike **w** gehoor word, bv.
graweel, rewolwer, koejawel, konserwatief
- (ii) by 'n aantal dubbelvorme, bv.
paviljoen — pawiljoen; revolusie — rewolusie
18. **y** word **i**: cycloon — sikloon; cynies — sinies
19. **x** word **ks**: exodus — eksodus; examinandus — eksaminandus
20. **z** word **s**: zoölogie — soölogie; zenith — senit

BEHALWE:

zoem, zeppelin, Zoeloe, Zoeloeland.

DIE AANEENSKRYWE VAN WOORDE

Woorde word aaneengeskrýwe:

- (i) wanneer die twee woorde saam 'n vaste eenheid vorm, bv.
doringdraad, boeksak, klaskamer, sinkdak, ysterhout, vandeemaand, vensterruit, blikbord
- (ii) wanneer die laaste deel van 'n geografiese naam 'n soortnaam is, bv.
Kaapstad, Klerksdorp, Oranjerivier, Kerkstraat, Davislaan
- (iii) wanneer hulle die intensiewe vorm van 'n adjektief vorm, bv.
spierwit, grasgroen, kurkdroog, goudgeel
- (iv) wanneer die eerste deel van die s.nw. 'n stof aandui, bv.
grasdak, houtkamer, ysterpaal, sykouse
maar:
 'n goue ring

ANDER SPELLINGMOEILIKHEDE

1. Die verboë vorm van b.nwe. op **-lik** kry net **EEN k**, bv.
 maklik — 'n maklike som
 wonderlik — 'n wonderlike gebeurtenis
 sieklik — 'n sieklike vrou
2. Wanneer **vir** aaneengeskrýf word met die volgende woord, word dit **VER-**, bv.
vir goed, maar vergoed
vir eers, maar vereers
vir niet, maar verniet
vir laas, maar verlaas
3. Die los woordjie **SE** dui besit en ander verhoudinge aan, bv.
 Jan **se** hoed is weg.
 Maak vas die hond **se** ketting.
 Gister **se** reëntjie het darem bietjie gehelp.
 Die uitgang **-SE** aan die end van 'n woord is die verboë vorm van 'n afleiding, bv.
 Natalse vrugte
 Kaapse wyn

4. Die nasetsel **toe** word altyd los geskryf van 'n voorafgaande selfstandige naamwoord, bv.

Hy gaan bioskoop toe.

Die seuns hardloop skool toe.

Dit gebeur ook wanneer daar 'n bepalende woord voor die s.n.w. staan, bv.

Hy stap nou daardie kant toe.

Ek gaan boonste kamp toe.

Ons was op pad Franse gebied toe.

In onderstaande gevalle word **kant** as deel van 'n samestelling ook as s.n.w. beskou en dus los geskryf:

oorkant toe	buitekant toe	duskant toe
bokant toe	binnekant toe	voorkant toe

Toe word vas geskryf aan die voorafgaande bywoord van plek, bv.

boontoe	agtertoe	ondertoe	buitentoe
soontoe	vorentoe	binnetoe	soontoe
daartoe	soheentoe	waartoe	hiertoe
waarnatoe	daarnatoe		

Let op:

- (i) Dit gebeur selfs al is daar ook 'n **na** in die sin, bv.

Die man kyk **na** boontoe.

Hy stap na agtertoe.

- (ii) As **waarnatoe** en **daarnatoe** deur ander woorde geskei is, skryf ons **toe** heeltemal los, bv.

Waar gaan hy na **toe**?

Daar gaan ek ook na **toe**.

- (iii) By bywoorde van tyd word die **toe** los geskryf, bv.

tot vandag toe

tot nou toe

tot nog toe

5. Werkwoorde wat op **i** eindig, kry **twee i's** as ons die agtervoegsel **-ing** aanvoeg, bv.

besproeiing, vergroeiing, oorvloeiing